

16 Mei

Lees: 2 Korintiërs 9:1-15 (1983-vertaling)

Teks: 2 Korintiërs 9:10-11

Ons kan rojaal en mildelik offer, want God gee altyd genoeg

Indien ons die begrip vrygewigheid in die kies rondrol, besef ons gou dat dit 'n begrip is wat die werkwoord *gee* aan die een kant nader omskryf, maar dat dit ook 'n begrip is wat die persoon *wat gee*, beter beskryf.

Die begrip vrygewigheid is eintlik so eie aan dit wat gelowiges beleef. Ons beskryf dikwels mense wat 'n oop hand en oop hart vir die Here het, en bedoel hiermee dat dit iemand is wat nie verbete aan hulle besittings en geld vasklou nie. En tog wil ons aan die begrip vrygewigheid altyd 'n beperking stel. Ons wil nie graag die geld waaraan ons so hard gespaar het en voor gewerk het vir ander mense of selfs vir die voortgang van dienswerk gee nie. Dit is moontlik ook 'n rede waarom gelowiges soms daarmee sukkel om hulle dankoffers op vrygewige wyse na die Here te bring.

2 Korintiërs 9 beskryf 'n moontlike simptoom hiervan, naamlik die gebrekkige funksionering van diepgaande dankbaarheid. Dankbaarheid waarvoor? In vers 10 gebruik Paulus die metafoer van saad. Hiermee benadruk hy die belangrike saak dat God saad skenk, propvol groeibelofte, en juis daarom deur die groeikrag ook die oes waarborg. Gelowiges wat so graag die saad en middele uit God se hand wil ontvang, sonder die bereidwilligheid om in blymoedigheid en vrygewigheid te wil gee, se geloof haal eintlik nie asem nie. Deur op vrygewige wyse my dankoffer in dienswerk en middele te bring, word die vrug op saad wat God in my lewe gesaai het, bekend.

Die punt waarom alles draai, is dat God in sy kinders se lewens mildelik en ryklik saai met die oog daarop dat sy kinders ook hiervan sal uitdeel. Die skerp punt wat nooit uit die oog verloor moet word nie, is dat God deur hierdie dankoffer gedank moet word. Die saak staan eintlik so: Gelowiges asem elke dag die sekerheid in dat God oorvloedig gee en dat Hy sy kinders nooit indoen nie. Om sinvol asem te haal, bring mee dat daar ook uitgeasem moet word. Om as gelowige te lewe, is om asem te haal. In en uit!

Sing: Psalm 34:1 (1936)

Dr. FP (Ferdie) Kruger (Meyerspark)